

OUPA WAS HIER

Deur Eirene Hoving

Mamma, hoekom praat Oupa met 'n aksent?

Waarvandaan kom hy?

Vra my tiener-dogter ondersoekend,

Van my pa wat nou al 60 jaar in SA bly.

My poplap, jou oupa kom van Griekeland,

As jong man, in sy 20's, het hy na SA toe gereis.

Opsoek na 'n beter lewe aan die wêreld se suider-kant,

Maar tussen Riversdal en die Paarl vind hy geen tuis.

Uiteindelik ontmoet hy vir ouma op Hermanus,

'n Agter-kleindogter van een van die dorp se stigters.

Ons kuier gereeld by jou grootouers langs die kus,

'n Dorp waar ons groot geword het, ek, my broers en susters.

Tog ken jy Ouma se storie goed,

Ouma huiwer nooit om van haar kinderdae te praat.

Ons weet min van Oupa se jong dae van sweet en bloed,

Van sy plaas-lewe, skooldae en wie was sy maats?

Die tyd het aangebreek om na Griekeland te gaan,

Om vir my kinders te wys waar hul oupa groot geword het.

Deur die ruïnes van mites en legendes stap ons saam,

En elke dag se swem in die blou waters was hope pret.

Oupa het op 'n klein hoewe op 'n eiland groot geword,

Saam met sy ouers en broers het hy olywe, duiwe en sitrus ge-oes.

Hulle het hard gewerk en min gehad, want geld was kort,

Die lewe na die Tweede Wêreld Oorlog was moeilik en woest.

Blydskap en vreugde het oor my wange gerol,
Toe ek, as ma, die oomblik voor my kon aanskou.
Waar my kinders tussen die boorde deur kaalvoet hol,
En so trap hulle in hul oupa se voetspore nou.

My kinders pluk en eet die vrugte van hul oupa-grootjie,
Die olyf olie is ryk en die duiwe sappig.
En die tamaties is groter as hul handjies,
Alles op die plaas is somer pragtig.

Terug by die huis met baie fotos en verlanse,
Oupa luister aandagtig na die kinders se ervarings op die plaas.
Die heimwee en herinneringe in sy oë duidelik vasgevang.